# DIE DAGBOEK VAN 'N BOEREMEISIE IN DIENS VAN DIE VYAND – SIEKTE EN SORG IN DIE BETHULIE-KAMP

**Engela Pretorius en Daleen Krige**[1]

***Abstract***

*The many published diaries kept by women in the concentration camps constitute an extraordinary aspect of the Anglo-Boer War. Undoubtedly, some diaries have only survived within families – like the one kept by Susara Johanna (Sarie) Roos. Armed conflict can be considered to be the antithesis of public health and, as such, it constitutes a health issue. Central to every war one finds the health care staff, and specifically the nurse, who has to deal with the physical, emotional and social consequences of the conflict. Sarie Roos, a young Boer woman, was employed by the British as a nurse in the Bethulie camp. In the main, her narrative deals with this role. This article aims to describe and analyse her experiences in this camp – one of the most devastating of its kind. During the course of her narrative, documented history comes to light, which serves to verify the reliability and authenticity of her diary. It does, however, also provide a somewhat different view of the events – from the perspective of a Boer woman employed by the enemy to serve her own people.*

## 1. INLEIDING

Volgens Thomas Mallon in sy gesaghebbende boek, *A book of one's own: people and their diaries*, het mense nog altyd vanuit alle lewensterreine dagboeke gehou – oud en jonk, edeles en bedrieërs, die gepeupel en die adel. Net so uiteenlopend is die redes waarom mense dagboeke byhou – om die alledaagse te boekstaaf, vir spesiale geleenthede, of om vanuit die graf 'n boodskap of teregwysing vir die nageslag te laat. Sommige mense skryf vanweë 'n egoïstiese obsessie met die self, terwyl ander daarin slaag om die self te bowe te gaan (Taylor & Taylor 2000:vii-viii). Onder die vele publikasies oor die Anglo-Boereoorlog (ABO) wat gedurende die afgelope 110 jaar verskyn het, tel 'n aantal dagboeke wat deur vroue in die kampe gehou en

1 Daleen Krige is 'n lektrise in die Departement Kommunikasiewetenskap, Universiteit van die Vrystaat (UV). E-pos: krigem@ufs.ac.za; Engela Pretorius is emeritusprofessor (Sosiologie) en voormalige visedekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die UV, en tans 'n navorsingsgenoot, Departement Kommunikasiewetenskap, UV. E-pos: engelpret@gmail.com

gepubliseer is,[2] asook opgetekende vertellings.[3] Volgens Emily Hobhouse (1924:5) was die hou van dagboeke tydens vroeëre oorloë nie so algemeen soos in die ABO nie – wat dit ’n buitengewone aspek van die oorlog gemaak het (Van Heyningen 2002:189).

Ongetwyfeld is daar ander dagboeke wat net in families behoue gebly het – soos dié van Susara Johanna (Sarie) Roos.[4] Sarie se dagboek het ’n bepaalde onmiddellikheid omdat dit tydens die oorlog geskryf is, met as doel “[*O*]*m nie te vergeet nie hoe ons die lewe deurgemaak het van April 1901-1902*”, en ook, “*dit sal oorvertel word; ons nageslagte sal dit hoor, ... dat mense wat denk hulle is die beskaafste van die wêreld, kan toelaat dat weerlose vrouwe en kinders so behandel word*.”[5]

Opmerklik is die wyse waarop sy deur die loop van die dagboek afstand kry van die lyding wat sy daagliks moes aanskou. Derhalwe is dit nie ’n egosentriese dokument waarin sy behep is met haar eie lyding en in selfbejammering verval nie. Dwarsdeur die dagboek probeer Sarie om so objektief en onemosioneel moontlik te wees in haar teboekstelling van haar verblyf in die Bethulie-kamp. As sy egter hier en daar kla of verdrietig is, betig sy haarself: “*Moet nou nie vir my sê ou Klaagliedere van Bethulie nie, maar ek wil al te graag min of meer die lewe aanteekeen soos dit is; die werklikheid is niemand in staat om te gee*.”

’n Oorlogsituasie kan as die antitese van openbare gesondheid beskou word en behels dus in wese ’n gesondheidskwessie. Die gesondheidsorgpersoneel en veral die verpleegsters wat die gevolge van die konflik moet hanteer, vorm die kern van elke gewapende stryd. Sarie Roos was ’n verpleegster tydens die ABO en haar vertelling handel hoofsaaklik oor hierdie rol. Die doel van hierdie artikel is om ’n beskrywing en ontleding van haar ervaring in die Bethulie-kamp te gee. In die loop van haar verhaal kom die bekende, die geboekstaafde aanbod, wat dien as verifikasie van die betroubaarheid en egtheid van haar dagboek. Dit bied egter ook ’n ietwat andersoortige blik op die gebeure vanuit die perspektief van ’n Boere-meisie in diens van die vyand om haar landgenote te dien.

2 Vergelyk onder meer die volgende: AM Badenhorst, *Tant Alie of the Transvaal 1900-1902* (1923); MA Fischer, *Tant Miem se kampdagboek Mei 1901-Augustus 1902* (1964); MM Postma, *Stemme uit die vrouwekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1902* (1925).

3 Vergelyk onder meer die volgende: E Neethling, *Mag ons vergeet? (*1938); E Hobhouse, *War without glamour or women’s experiences written by themselves* (1924); E Hobhouse, *The brunt of the war and where it fell* (1902).

4 Die ouma van die tweede outeur (Krige).

5 Die aanhalings uit Sarie se dagboek is woordeliks. Hier en daar is leestekens ingevoeg en woorde aanmekaar geskryf ter wille van leesbaarheid. Daar is ook nie bladsyverwysings uit die dagboek nie, maar alle sodanige aanhalings is kursief gedruk.

## 2. DIE TYDSGEES IN DIE AANLOOP TOT DIE ANGLO-BOERE-OORLOG

Dit is alombekend dat Brittanje aan die einde van die neëntiende eeu sy imperialistiese visier gestel het op die rykdom aan die Rand. Die Britse stempel was reeds alhier afgedruk, volgens Wilson (2002:606): "[F]or all its mixture, Boer and Jew, black and brown, Johannesburg mysteriously felt British – both in its cruelly depressed slums, and in the street names of its salubrious quarters: Anderson Street and Commissioner Street." Onderliggend egter aan hierdie doel was die groter Britse strewe – soos deur Rhodes verwoord – dat Brittanje nie slegs sekere gedeeltes van die aarde moes beheers nie, maar inderdaad die planeet as geheel. (Kruger en sy regering het egter in hulle pad gestaan, want hulle wou soveel moontlik terugneem van wat die Britse invallers van die land se rykdom ingepalm het by wyse van belasting en wou ook voorkom dat hulle enige politieke regte verkry.) Die Britte wou geen rebellie of militêre ramp duld nie, aangesien dit dié imperialistiese strewe kon verydel. Deels hierin sien Wilson (2002:607) 'n verklaring vir "the growing ruthlessness of the British Imperial machine as it reached its zenith". Hierdie ingesteldheid blyk duidelik wanneer Gordon se veldtog in Kartoem in 1884 vergelyk word met dié van Kitchener in 1898. Dit is ook dié gees van onverbiddelikheid en genadeloosheid soos vergestalt in hierdie argitek van die konsentrasiekampbeleid waarmee die vroue en kinders tydens die Anglo-Boereoorlog te doen sou kry.

'n Deel van die imperialistiese strewe, so kenmerkend van die tydsgees, was dat Engelssprekende Victoriane ook die idee van Britse rassemeerderwaardigheid (sosiale Darwinisme) gehuldig het. Dit het neerslag gevind in 'n bepaalde siening van veral landelike Afrikaners (Giliomee 2003:245). Laasgenoemde is beskou as feitlik alles wat die Britte *nie* was nie: onkundig, bygelowig en konserwatief, met geen belangstelling in "vooruitgang" nie. Hoewel hulle die Afrikaners se gasvryheid geloof het, was hulle minder vleiend in hul beskouing van hul oormatige gebruik van koffie en brandewyn en die mans se voortdurende gekou aan tabak. Wat die Victoriane se verstand veral te bowe gegaan het, was dat die Afrikaners oënskynlik min waarde aan onderwys geheg het (Giliomee 2003:202). In haar boek, *Thoughts on South Africa,* beskryf Olive Schreiner haar jeug saam met Afrikaners in die Karoo. In daardie stadium het sy ook die Engelssprekende Victoriane se opvatting van meerderwaardigheid relatief tot alle ander volke onderskryf. Aldus was dit ondenkbaar om selfs iets te eet wat deur 'n Boerekind aangeraak is (Giliomee 2003:202). Dit is egter die media van die dag, die *Cape Argus* en *Monito*, wat volgens Giliomee (2003:203) 'n militante vorm van kulturele imperialisme gepropageer het en nie geskroom het om na die Engelse as die dominante ras te verwys nie.

## 3. DIE VESTIGING VAN DIE KONSENTRASIEKAMPBELEID

Die guerrillafase van die ABO het in September 1900 ’n aanvang geneem (Pretorius 2001:11). Toe reeds het Jan Smuts gerapporteer aangaande die onbeskryflike vernietiging deur die Britte, meestal in die Vrystaat en Transvaal (Giliomee 2003:245). Kitchener was kwaad en gefrustreerd en het hom nou tot politieke ekstremisme gewend (Nasson 2010:231). In Maart 1901 het hy met ’n offensief begin met as doel “to sweep the country bare of everything that could give sustenance to the guerrillas: not only horses, but cattle, sheep, women, and children” (Pakenham 1979:493).

Een van die gevolge van hierdie ontwikkeling was uiteraard dat ’n heenkome gevind moes word vir hawelose Boeregesinne, hul plaaswerkers en die Boeregevangenes. Reeds vanaf die middel van 1900 is vlugtelingkampe opgerig vir die sogenaamde wapenneerlêers en hul gesinne om hulle teen die gramskap van die Boere te beskerm. Van meet af aan was daar ook hawelose Boerevroue en -kinders, asook bejaardes (“ongewenstes”) in hierdie kampe (Giliomee 2003:254; Pretorius 2001:41). Streng gesproke was hierdie kampe dus nie vlugtelingkampe[6] nie, gegewe die status van die vroue, kinders en bejaardes as “ongewenstes” en hul groeiende getalle *vis-à-vis* die wapenneerlêers.

Die idee vir ’n konsentrasiekampstelsel het by lord Roberts ontstaan en is deur Kitchener uitgebrei (Spies 1977:295). Enersyds het die Britte dit nie moeilik gevind om Boerevroue en -kinders in haglike omstandighede in kampe te plaas nie as gevolg van die negatiewe beeld wat hulle van die Boere gehad het (Giliomee 2003: 254). Trouens, volgens Wilson (2002:612) wil dit voorkom of Kitchener geheel apaties gestaan het teenoor die lyding wat hy in Suid-Afrika veroorsaak het. Dié outeur glo dat hy (Kitchener) meer deernis vir sy honde gehad het as vir die vroue en kinders wat deur sy toedoen verhonger en gesterf het (Wilson 2002:612). Andersyds het die oorhaastige, swak beplande totstandkoming van die konsentrasiekampe in die teken gestaan van Kitchener se renons in “onbenullige” detail. Hy het slegs een doel voor oë gehad – die spoedige beëindiging van die oorlog (Pakenham 1979:495). Om hierdie doel te verwesenlik moes die vroue en kinders wat van die plase verwyder is vir hul “beskerming” na kampe langs die treinspore geneem word. Die breë riglyne wat hy vir die kampe daargestel het, was dat dit volgens militêre riglyne bestuur moes word, maar dat verminderde rantsoene sou geld. Die detail is oorgelaat aan die administrateurs van die twee nuwe Britse kolonies (kolonel Goold-Adams in die Oranjerivier-kolonie, soos die Oranje-Vrystaat na die Britse besetting bekend gestaan het) wat op hul beurt met Milner gereël het vir die

6 Die benaming “konsentrasiekamp” is eers na die oorlog algemeen gebruik. Aanvanklik is verwys na “krygsgevangene kampen” en later na “vlugtelingkampe” (*refugee camps*) (Booyens 1999:373).

versending van tente en matrasse, en die minimum personeel, bestaande uit burgerlikes, om die kampe te bestuur: nagenoeg een superintendent, een dokter en ’n paar verpleegsters (Pakenham 1979:494).

### 3.1 Wegvoer na die kampe

Sarie Roos was vanaf April 1901 tot November 1902 in die Bethulie-konsentrasiekamp. Haar verhaal begin op Sondag 14 April 1901 op Dewetsdorp[7]: "*Die mooiste herfsmore wat mens aan kon denk, stil en kalm was die natuur; en mens kon so ’n lekker Sondag verwag*." ’n Engelse laer is die vorige dag buite die dorp opgeslaan wat die inwoners met die wete gelaat het: "*Vandag word al die inwoners gevang*." Volgens Spies (1977:207) kon die Boeregesinne net die minimum kos, klere en beddegoed saamneem. Die refrein van soveel ander vertellings omtrent die ongevoelige, selfs wrede metodes van die militêre bevelhebbers van die kolonne wat die "skoonmaakwerk" moes doen (Pretorius 2001:44), word in Sarie se dagboek herhaal: "*Die paar volgende ure kan ek nie beskryf nie, die angs en verwarring. As ’n wa voor jou deur stilhou dra die Tommies so ’n paar stukke beddegoed op die wa, en dan gebied hy die familie om op te klim. As jy nie wil opklim, is hulle te bereid om jou op te help*."

Die sowat 1 500 "*krygsgevange vroue en kinders*" oornag die Sondag op ’n plaas, Glengary, sowat sewe kilometer buite die dorp, waarna die lang tog per ossewa na Bethulie begin. Vanaf Edenburg word die tog per trein (in "*vuil kooltroks*") voortgesit na Springfontein. Dié nag word deurgebring in die kooltrokke wat op ’n syspoor getrek is. ’n Reënbui laat die vroue en kinders koud, nat en bedremmeld. Drie kinders sterf. Agt dae na hul vertrek, kom hulle in Bethulie aan.[8] Die owerhede is hulle egter nie te wagte nie, is dus hoegenaamd nie voorbereid nie en hulle moet ’n verdere drie dae op die trein deurbring. Aanvanklik word hulle in groepe van 30 in ’n markiestent geplaas en later na kleiner "bell"-tente (ronde tente) verskuif.

Die onmenslike wyse waarop mense verwyder is, het Kitchener genoop om op 16 Januarie 1901 ’n vertroulike memorandum uit te reik waarin offisiere gemaan is: "Where it is impossible to make such provision the inhabitants are not to be moved until proper arrangements can be made" (Spies 1977:207). Geen stappe is egter geneem teen die offisiere wat nie hieraan gehoor gegee het nie (*ibid*.).

7 Genl. Christiaan de Wet het op die plaas Nieuwjaarsfontein in die distrik grootgeword. Die dorp is na sy pa vernoem en dit blyk dat die generaal bekend was met die Roos-gesin van die dorp. Hy noem Sarie se pa by name in sy boek oor die oorlog. Tydens die Slag van Dewetsdorp, 23 November 1900 (Pakenham 1979:476) vermeld hy: "The reader can easily imagine how delighted I was to meet again the Dewetsdorp folk to whom I was so well known ... After I had visited three houses – those of the Schoolmaster, Mr. Otto, of Mr. Jabobus Roos, and of old Mr. H. Van der Schijf ... I hurried off to my burghers" (De Wet 2007).

8 Volgens die amptelike rekords (UK 2010) was daar net die een Roos-gesin in die kamp. Die moeder en sewe van haar agt kinders is op 22 April 1901 in die kamp opgeneem.

### 3.2 Probleme wat betref die administrasie van die konsentrasiekampe

Aanvanklik is die kampe deur die militêre owerhede onder Roberts se bevel geadministreer. Hoewel die weermag oor aansienlike ervaring aangaande kamplewe beskik het, was hul rekord ten opsigte van die voorsiening van gesonde toestande vir hul eie soldate uiters power (Van Heyningen 2002:187). Daar is reeds in Januarie 1901 besluit om die kampe na burgerlike beheer oor te plaas, maar sodanige oordrag het eers na 8 November 1901 volledig plaasgevind (Pretorius 2001:49; Spies 1977:209-213; Van Heyningen 2002:187).

In ’n brief aan haar tante, lady Hobhouse, op 4 Maart 1901, lê Emily Hobhouse die verantwoordelikheid vir die swak kampadministrasie voor die deur van Kitchener: “I thought Lord Kitchener was considered such a great organizer, but is it good organizing to have so little forethought and make so little preparation that thousands of people find themselves dumped down in strange places where there is *nothing* ready for their reception?” (Van Reenen 1984:81-82).

Een van die talle probleme ten opsigte van die kampadministrasie was die gebrek aan voorrade – tente, kos, vuurmaakgoed en water. Boonop was geskikte superintendente ook problematies. Onder diegene wat uiteindelik bekom is, was daar onder andere rekenmeesters, landmeters, ’n argitek en selfs uitlanders (Spies 1977:211; Van Heyningen 2002:188). Sommige van hierdie superintendente was bekwaam en menslik, ander nie, en is mettertyd vervang – van Februarie 1901 tot Februarie 1902 is 13 superintendente in die Transvaal vervang (Spies 1977:217). Die kamppersoneel was meermale ontoereikend deurdat hulle nie oor toepaslike opleiding en/of ervaring beskik het nie. Hobhouse meld die geval van ene kaptein Hitchcock – “ignorant and hot-headed” – wat op 23-jarige ouderdom as hoofprovoos oor die hele Bloemfontein-distrik aangestel is (Van Reenen 1984:55).[9] In die Oranjerivier-kolonie het Goold-Adams veral gekla oor die ondoeltreffende mediese beamptes en was van mening dat die bruikbares in die leër opgeneem is (Spies 1977:217).

## 4. DIE KAMP BY BETHULIE

Dis allerweë bekend dat die konsentrasiekamp te Bethulie een van die swakste, indien nie dié swakste, kamp was nie. Dié kamp het op 22 April 1901 tot stand gekom om die oorloop van die Springfontein-kamp te hanteer, nadat die siviele administrasie kampbeheer by die militêre owerhede oorgeneem het. Die mense wat in hierdie kamp geplaas is, was hoofsaaklik afkomstig van Smithfield, Philippolis, Edenburg, Bloemfontein, Zastron, Dewetsdorp, Ladybrand en die omgewing rondom Bethulie. Die Bethulie-kamp het as die Rooibult-kamp bekend gestaan en is

9 Sarie verwys ook na ’n nuwe kampdokter: “*(H)y is nog jong, somaar, so ’n seun en P.M.O.*”

aanvanklik aan die voet van ’n hoë kop noordoos van die dorp geplaas, maar is twee maal daarna verskuif. Die eerste verskuiwing vind op 7 Junie 1901 plaas, vanweë die aanwas van inwoners van 1 500 na 5 000. Die kamp is nader aan die spruit geskuif ter wille van meer water en die pad na Smithfield. Dié kamp was sowat ’n kwartier se stap van die Oranjerievier in ’n laagte geleë, wat meegebring het dat dit blootgestel was aan oorstromings, soos dié van Junie 1901. Dit, asook die toename in siektes en die besoedeling van die grond, het gelei tot die besluit om die kamp in Maart 1902 na ’n skoner area te verskuif (Raath 1991; UK 2010).

## 4.1 Kampadministrasie en lewensomstandighede aldaar

Die lewensomstandighede in die Bethulie-kamp was van meet af aan rampspoedig. Russel Deare was die eerste superintendent en kon nie die mas opkom nie. Dit is tydens sy termyn dat die kamp in die geheel ontoepaslike terrein opgerig is en die sanitasievoorsiening was onbevredigend. Hy is egter ook met minder as ideale omstandighede gekonfronteer, hoofsaaklik wat betref die ontoereikende akkommodasie (tente) en voorraadtekorte. Hierdie situasie het maande lank voortgeduur, sodat ongeveer 80% van die inwoners van die Bethulie-kamp nog teen November 1901 op die grond geslaap het (Otto 1954:66). Die Fawcett-kommissie het tydens hul besoek aan die kamp in September verwys na die gebrek aan beddens, maar ook na die leë rakke in die kampwinkel en die feit dat die kampinwoners in komberse begrawe is. Hierdie toestand het voortgeduur lank nadat toestande in ander kampe verbeter het. Toe die nuwe superintendent, WKH Wilson, in Februarie 1902 by Deare oorgeneem het, was laasgenoemde se nalatenskap onder meer ondervoede kampinwoners: “I have found families in a state verging on starvation – the meat supplied is useless as human food containing little or no nutriment, being simply skin and bone. The result of this is that the majority of the people are in a weak and unhealthy condition and are quite unable to withstand the epidemic of enteric fever decimating the camp” (UK 2010).

Uiteindelik, met die aankoms van Cole Bowen vanaf Norvalspont in Januarie 1902, kon Sarie die “*groot verandering* [wat] *in die kamp plaatsgevind*” het beskryf. Sy bevestig wat bekend is: “Under Cole Bowen’s care the camp was wonderfully transformed” (UK 2010). Sy vertel van die verskuiwing van die kamp, die verbetering van die kos en die water en dat ’n groot sinkhospitaal opgerig is; ook van die slaapkamers vir die susters, asook ’n eetkamer en kantoor vir die matrone en ’n kombuis. Sy getuig dat hy “*nie alleen order maar* [*self*] *werk*”. Sodanig is Cole Bowen se bydrae dat Sarie verklaar: “(D)ie verbetering [is] aan Mnr Cole Boyn (sic) te dank en van toe af het die dood en siekte ook somar af geneem.”

Teen Maart 1902 kon inspekteur Tonkin rapporteer dat “the camp was now faultlessly clean and health was improving, although typhoid still lingered” (UK 2010).

### 4.2 Morbiditeit, mortaliteit en sorg in die kamp

Die gesondheidsorg in die kamp het ver tekort geskiet. Tydens ’n persoonlike besoek op 28 Junie 1901 het ene Trollope[10] “blyke gevind van ontoereikende mediese diens ... Vir die 3,440 inwoners ... was nie eers ’n voltydse medikus beskikbaar nie. Die ... mediese werk ... is deur die distriksgeneesheer[11] waargeneem wat die kamp wel twee keer per dag besoek het, maar so oorwerk was dat hy nie die noodsaaklike ‘tent-vir-tent’-besoeke kon aflê nie. Ook was daar ’n nypende tekort aan hospitaalgeriewe en medisyne” (Otto 1954:124).

Die stand van gesondheidsorg, die weersomstandighede en die haglike toestande waarna reeds verwys is – waaronder gebrekkige sanitasie, besoedeling, wanvoeding en oorbevolking – het alles meegehelp tot die onafwendbaarheid van ernstige gesondheidsprobleme. Die eerste siekte wat waargeneem is, was kinkhoes. Die situasie was so erg dat dit superintendent Deare genoop het om vroeg in Augustus ’n waarskuwingstelegram te stuur met die versoek dat geen verdere families met aansteeklike siektes na sy kamp gestuur moes word nie (UK 2010). Op 27 Augustus skryf ds. AD Luckhoff in sy dagboek: “10 nm, ek het deur die kamp geloop. Daar is groot hoese; klein hoese; diep hoese; skril hoese; hees hoese; lang hoese; kort hoese; hoese wat geen hoes is nie.” Vanaf Sarie se aanstelling in Junie tot in Augustus is die oorwegende siekte waarmee hulle te doen kry egter “koors”.[12] Spoedig steek masels kop uit (UK 2010) en op een dag – so word Sarie deur die dokter meegedeel – word 400 gevalle aangemeld. Dit beteken dat daar te veel pasiënte vir die fasiliteite tot hul beskikking is en die pasiënte moet derhalwe in hul tente bly. Hier is die toestande, volgens Sarie, haglik, met die meeste mense wat op die grond moet slaap te midde van aanhoudende reën en koue.

Benewens die toestande waarin versorging moes geskied, was verdere kompliserende faktore vir die lewering van gesondheidsorg deur sowel dokters as verpleegsters ’n diverse bevolking van pasiënte wat betref ouderdom, geslag, opvoedingsvlak en fisieke en geestelike vermoëns. Dit het byvoorbeeld gevolge gehad vir die wyse waarop die siekerol benader en hanteer is. Aldus was daar in die kampsituasie weinig sprake van ’n “siekteloopbaan” (*illness career*) wat onder normale omstandighede voorkom. ’n Siekteloopbaan behels ’n reeks transisies gepaardgaande met ’n reeks identiteite wat die persoon wat die simptome ervaar, aanneem: van ’n situasie wat as “gesond” gedefinieer word, is daar dan die bewuswording van siekte (ervaar simptome), waarna die siekerol gewoonlik beklee word (die aanvaarding van die rol deur sekere aktiwiteite te verminder of uit te skakel). Wanneer die persoon professionele hulp bekom, word die identiteit van die

10 Hoofsuperintendent van kampe in die Oranjerivier-kolonie.

11 Waarskynlik dr. Wohlers na wie Sarie in Augustus verwys: “*Dr Wolhurs (sic) van Bethulie is ons kamp Dr.*”

12 Ingewandskoors.

pasiënt aangeneem (Twaddle & Hessler 1987:150-151). Die kampinwoners was maar al te bewus van hul simptome en die moontlikheid dat hulle kon sterf, maar het meermale geweier om die pasiëntrol aan te neem. Siekes het om verskeie redes eerder van die lekeverwysingsisteem – konsultasie van familie en vriende – as van die Britse gesondheidsorg gebruik gemaak (Freidson 1961). Een van die redes was inwoners se vrees vir die hospitaal. Sarie vermeld ook hierdie goed-gedokumenteerde vrees en beskryf hoe hulle die siekes versteek het: *Glo my, die dragbaar word voor die bed gesit, die sieke op die bed gelig en nooit eers 'n kreun*.

Dit het tot gevolg gehad dat siekes letterlik uitgesnuffel moes word ten einde hulle te hospitaliseer. Volgens Sarie het die proses soos volg verloop: Die kamp is in "lyne" verdeel en aan elke lyn 'n korporaal en 'n verpleegster toegesê. Die verpleegster doen elke dag tent-tot-tent besoek. As iemand siek voorkom, word die koors geneem en as dit nie bevredigend is nie, word dit gerapporteer en die persoon na die hospitaal gestuur.

Volgens Van Heyningen (2002:186) was daar konflik tussen die Britse dokters en die boerevroue. Hierdie konflik was egter nie geheel en al toe te skryf aan die oorlog *per se* nie, maar was deels 'n konfrontasie tussen verskillende helingstradisies. Die gevolg was dat die Britse owerhede die Boerevroue as "onbeskaaf, bygelowig, onkundig en misdadig onverskillig" ten opsigte van higiëne beskou het. Hierteenoor het die vroue die dokters as gevoelloos beskou en was van mening dat hulle nóg die vaardighede nóg die begeerte gehad het om die kampmortaliteit te hanteer.

Sarie vermeld ten minste een geval van iatrogenese (waar die dood deur mediese ingryping veroorsaak word). Sy skryf die dood van drie persone – een volwasse vrou en twee dogtertjies – toe aan foutiewe inspuitings.

## 4.3 Gesondheidsorgpersoneel

### *4.3.1 Dokters*

Die kampdokters het van meet af aan probleme geskep. Die eerste kampdokter was dr. Wohlers, die plaaslike geneesheer op die dorp. Sy aanstelling het die Britse owerhede se goedkeuring weggedra, maar die inwoners het hom onsimpatiek gevind (UK 2010). Sarie was egter van mening dat hy "*knap* [*was*] *en het sy bes gedoen. Ons sal sy hulpvaardigheid lang onthou.*" Die verantwoordelikhede het egter te veel geword vir hom – "*want dis kamp, hospt. & dorp*". Later vermeld sy dat hulle twee Afrikaanse dokters gehad het, maar hul verblyf was van korte duur: "*Hulle was seker te goed en het te veel na die sieke gekyk*." In hierdie tyd vertel Sarie dat

daar ’n nuwe militêre kampdokter is:[13] “*...(E)k sal sy naam nie noem nie, ons noem hom maar ‘Rooi Kop*’.” Hy is baie jonk (“*somaar so ’n seun*”) en onervare (“*seker die eerste eere posie in sy lewe”*), maar boweal “*aanstootlik en onverdraagsaam*”.

Ten opsigte van Parsons (1951:435) se klassieke tipologie van die vereistes vir die geneesheer-pasiëntrol (en by implikasie ook dié van die verpleegster-pasiëntrol), moes die dokter onder meer affektief-neutraal wees. Aldus is die verwagting dat die dokter – selfs onder hierdie omstandighede – die “probleem” (siekes) “in objektiewe, wetenskaplik-geregverdigbare terme moet hanteer”. Dit beteken dat dit nie saak maak of hy van die pasiënt as ’n persoon hou al dan nie. Hier het ons egter met ’n oorlogsituasie, ’n buitengewone krisissituasie, te maak. Van die dokter is verwag om die vyand te behandel – meermale met minder as die broodnodige mediese toerusting onder minder as optimale toestande. Dit is duidelik dat “Rooikop” óf nie opgewasse was vir sy taak nie, óf dat hy nie aan die vereiste van effektiewe neutraliteit kon voldoen nie. Reeds by sy aankoms bots hy en Sarie. Sy vertel hom van ’n siek dogtertjie. Hy voorsien egter geen medisyne nie en Sarie moet haar tot “huisraad” (meelwater) wend. Twee dae verloop op hierdie wyse, maar op dag drie verneem die dokter wel na die kind se welstand. Sarie antwoord: “*(S)y sterf*,” waarop hy bloot reageer met “[*P*]*oor girl*.” Sarie kon haarself seker nie keer nie en verwyt hom, “*maar jy het niks gedoen om haar lewe te red*”, waarop Rooikop woedend reageer: *You dog. I’ll have you kicked out here you low beast, you dutch nurses have ten times as much to say as an English nurse dare say. But I’ll see that you don’t come near a Hospt where I am the P.M.O.*

Die dokter demonstreer hiermee dat hy ook nie in staat is tot effektiewe neutraliteit ten opsigte van die verpleegster (een van die vyand) nie. Wat verder uit hierdie insident blyk, is die dokter se verwagting ten opsigte van die verpleegsterrol, naamlik dié van doeltreffende inskiklikheid aan die geneesheer se bevele. In ’n studie wat in 1986 onderneem is, het Keddy *et al*. (Weiss & Lonnquist 1994:214) verpleegsters wat in die jare 1920-1930 opgelei is of gewerk het, ondervra omtrent hul interaksie met geneeshere. Dit was duidelik dat verpleegsters se opleiding vroeg in die twintigste eeu hul ondergeskikte rol *vis-à-vis* dié van die geneesheer by hulle tuisgebring het: daar was ’n bepaalde manier waarop hulle in die geneesheer se teenwoordigheid moes optree. Al het hulle bepaalde idees gehad, mag hulle dit nie gelug het nie. Hierdie dinamika het vir die grootste deel van die twintigste eeu voortgeduur, sodat Stein in 1967 na hierdie verhouding verwys het as die “doctor-nurse game” (Weiss & Lonnquist 1994:214). Sarie se optrede spreek van ’n byna universele verbintenis tot die pasiënt, wat nog altyd potensieel ’n negatiewe uitwerking gehad het op die verpleegster-geneesheerverhouding ten opsigte van (ernstige) etiese probleme en selfs gewetenskwessies (Fox 1989:61).

---

13 Dis opvallend dat Sarie deurgaans die dokters wat hulle volgens haar aan wangedrag skuldig maak, nie by name noem nie.

Dit lyk of daar ’n taamlike omset van dokters was: “*Die Drs wissel so met verblyf by ons, en die werk is so baie*.” Te midde van die verslegtende siektetoestande, het Deare groot probleme ondervind om voldoende personeel te bekom. Hoewel die kamp teen die einde van 1901 oor vier dokters beskik het (UK 2010), was die situasie teen Februarie 1902 steeds onveranderd. Dit het Cole Bowen[14] genoop om dringend hulp te vra: “Medical matters most critical. Send Tonkin at once. If he is unavailable send Yule [the ORC MOH] with full power to deal with the matter.” By sy aankoms het dr. Pratt Yule twee verwante probleme geïdentifiseer, naamlik “extravagant waste of brandy and other stimulants” en “the alcoholism of two of the doctors” (UK 2010). Omdat die brandewyn so vryelik beskikbaar was, val die misbruik daarvan en die gevolglike wangedrag nie vreemd op nie. Dit het Pratt Yule met geen keuse gelaat nie: hy het drs. Dickenson en Barrett ontslaan en daarop aangedring dat die ander twee dokters, Carte en Voortman, verplaas word (UK 2010).

Gedurende die neëntiende eeu was die gebruik van brandewyn as terapie redelik algemeen. Die Great Ormond Street Kinderhospitaal in Londen het ook ruim gebruik gemaak van alkohol vir die behandeling van talle kwale wat in die kampe voorgekom het (UK 2010). In haar herinneringe oor die Amerikaanse Burgeroorlog wat in 1864 gepubliseer is, vermeld Sarah Edmonds dat wat ’n verpleegster van daardie tyd tot haar beskikking gehad het om na die gewondes om te sien, benewens “a haversack with provision, lint, bandages, adhesive plaster, etc.”, ’n waterkannetjie en, les bes, “a flask of brandy” was (Edmonds 1864).

Sarie bevestig die oormatige gebruik van brandewyn as terapie: “*Maar die Dr wat ons het is seker die Baas brandewyn Dr; hy wil alles met brandewyn reg maak; als ’n pasiënt ’n bietjie siek is, dan is die order 10 oz brandy, bietjie suiker; sieker 20 oz; baie siek 24 oz B.”* Een pasiënt gee die verpleegpersoneel opdraande: “*Ek het een meisie gehad. Sy klim gedurig uit die bed; vas maak help nie. Sy is so sterk, sy breek ons krag*.” Teen die dokter se opdragte in, weerhou Sarie-hulle een dag die “medikasie”, met die gevolg dat toe sy nugter is, sy sommer ook beter was. Die einste dokter, aldus Sarie, “*kom somtyds 12 uur by die Hospt. aan nog in sy slaappak, dan is dit sy eerste verskyning van die dag*”.

’n Ander dokter – wie se naam sy ook nie wil noem nie – maak hom skuldig aan gedrag wat haar teleurstel, omdat sy haar opleiding as ambulansverpleegster onder ’n Duitse dokter deurloop het, “*wat so presies en skoon met ’n wond gewerk het”*. In hierdie betrokke geval moes Sarie elke oggend ene mev. Britz se wond (“*verswering aan die heup”*) versorg. Dié besondere dag haal die dokter, sonder om ’n woord te sê, sy knipmes uit en sny die verswering oop: “*Ek was erg teleurgesteld om so ’n operasie te sien ... Mens kon eerder dink hy werk met ’n dier. Hy kon maar net sê, ons sny vanmore, alles staat altyd gereed vir sny.”*

14 Reisende inspekteur.

Daar is egter na Sarie se oordeel ook knap dokters, mense soos dokters Dunn, Ross en Graham: “*Hulle kan ek sê het bewys dat hulle hulle uiterste bes gedaan het vir siekes en baie nougeset was op die uitvoering van hulle orders*.”

### *4.3.2 Verpleegpersoneel*

In Junie 1901 skryf Sarie dat sy en ene mej. Anna de le Rouvière[15] as verpleegsters (*sisters*) in die hospitaal aangestel is.[16] Benewens dié twee, bestaan die personeel uit “*een E.[17] matrone [en] 11 E. susters*”. Volgens Van Heyningen (2007) was hulpverpleegsters (“probationers”) – en dus by implikasie die twee “sisters” – feitlik die enigste vroue wat in die kampe in diens geneem is. Sarie meld dat ten tye van die internering sy “*verpleegster in die Ambulance*” was en word aldus een van die talle jong Boerevroue wat in die kampe as verpleegpersoneel diens gedoen het.

Die hospitaal in die kamp het uit verskeie markiestente bestaan. Elke verpleegster was verantwoordelik vir vier daarvan, waarvan twee vir sogenaamde “koorspasiënte” gereserveer was. Die hospitaal was “*so treurig ingerig, net katels met matrasse, khakikomberse, paar kussings sonder sloope*”. Die twee verpleegsters het twee meisies[18] gehad om hulle onderskeidelik met nagdiens[19] en die kos te help. Daar was egter geen hulp om “*die vuilwerk te doen; as dit donker word neem ons twee die vuil emmers om dit skoon te maak* “.

Vanweë die gevaar van sigbaarheid (“*geen lig moes in die kamp brand*”) was die kampmense sonder kerse en vuurhoutjies: “*Moenie dink ek vergroot maar meer dan een moes in die donker voel of die sieke nog leef of reeds koud is*.” Aletta du Toit (Neethling 1938:42-43) vermeld ook hierdie situasie: “... en nog een smeek om ’n lig, want sy wou sien of haar kind nie al dood was nie”. As gevolg van hierdie toestand besluit Sarie om die stukkies wat oorbly van die een-en-’n-halwe kers wat hulle per nag per tent ontvang, bymekaar te maak en vir die ander mense in die kamp te stuur: “*(S)o het ek gemeen om goed te doen*.” Die kampkommandant kom dit egter te hore en konfronteer haar: “*Jy deel mos die hospitaal se voorraad uit*.” Ten spyte van haar verweer, “*dis geen voorraad, dis afval”,* word sy gewaarsku: “*(N)og een maal, en jy sal ’n rus in die tronk kry om na te denk oor wat jy doen*.”

Die matrone hou die verpleegpersoneel op hul tone en loop selfs snags deur die tent (hospitaal) “*om te sien of die nag nurse’s nie slaap nie*”. Sarie interpreteer dit egter dat sy “*altyd op die loer [is] of sy ons nie op oortreding kon vang”*. Heel

---

15 Die databasis van die Universiteit van Kaapstad (2010) vermeld dat Sister de la Rouviere (ID 17194) “a trained nurse” en “(o)ne of the Dutch nurses” was.

16 Die databasis van die Universiteit van Kaapstad (UK 2010) toon dat die hospitaalpersoneel ten tye van die besoek van die Fawcett-kommissie uit twee deels opgeleide verpleegsters en sowat 20 hulpverpleegsters bestaan het wat hoofsaaklik snags diens gedoen het.

17 Engelse.

18 Waarskynlik hulpverpleegsters.

19 Vergelyk UK 2010.

waarskynlik is die agterdog jeens die Boere-assistente ten diepste onderlê deur ’n vrees dat hulle die Boere (die vyand) tot hulp sou wees (Van Heyningen 2002:188).

Waarskynlik omdat die kampinwoners “’*n lang tyd in die kamp* [*was*] *voor ons geestelike arbeiders gekry het*”, het Sarie die geestelike dimensie van versorging op haarself geneem. Dus het sy elke môre wanneer haar werk klaar was, haar Bybel geneem en by elk van “haar” vyf tente dieselfde paar verse gelees en ’n kort gebed gedoen. Hoewel ds. Becker van die begin af in die kamp diens gedoen het, meen Sarie “*hy kan so ’n groot werk nie alleen doen – sy eie gemeente, die kamp met duisende siele, die uitgebreide hospt”*. Sarie se selfopgelegde taak het egter negatiewe gevolge gehad:

> *Ek is laat roep om in die kantoor te verskyn. Dit gee my so ’n akelige gevoel, ek is maar van kinds af seneeuagtig ... Wel daar gekom, sit die Dr, die Matrone en die Susters almal in gereed om my te verhoor.*
>
> *Die dr. vra my. Is jy ’n sendeling?*
>
> *Antwoord* *Nee, dr.*
>
> *Vraag* *Wie het jou die reg gegee om vir die sieke te lees en te bid?*
>
> *Antwoord* *Ek het nie geweet ek het verlof nodig.*

Met die verwyt dat dit sy is “*wat die mense so bang maak vir die dood, dat hulle so baie dood gaan”,* word sy vervolgens verbied om hiermee voort te gaan.

Sarie se respons, “*Ek het nie geweet ek het verlof nodig*”, reflekteer dat haar ingesteldheid in ooreenstemming is met die inherente aard van die verpleegster-pasiëntverhouding, naamlik dat die verpleegster identifiseer met pasiënte as mense met gevoelens, waardes, verhoudings en lewensgeskiedenisse. Om hierdie rede en ook vanweë die frekwensie van kontak, hanteer hulle pasiënte se mees basiese en intieme fisieke, emosionele en meermale selfs hul geestelike behoeftes – soos hier (Fox 1989:60). In huidige terme is hier sprake van die kenmerke van die ontwikkelingsmodel in gesondheidskommunikasie deurdat Sarie verskeie rolle in die lewe van pasiënte vervul: van terapeut en helper tot inligtingsbron (Anoniem s.j.). Benewens die geestelike bemoediging, deel sy medisyne uit, bemoedig en gee praktiese raad. Sy besef dat haar taak as verpleegster wyer strek as suiwer mediese aangeleenthede, dus kook sy soms sop om wanvoeding en honger teë te werk. Sy reël ook dat ’n gesin wie se tent omgeval het, versorg word: “*(E)k het die familie na ’n leë tent geneem, hulle eers warme koffie en brood gegee, toe gewys waar hulle moet slaap en genoeg komberse gegee*.” Sarie se optrede strook ook met Florence Nightingale se siening van die aard van verpleegkunde soos in 1860 uiteengesit in haar *Notes on nursing: what it is and what it is not:* “(G)ood nursing stems from an ability to engage in *imaginitive sympathy*[20] with someone else’s feelings, feelings that by definition you yourself can never have felt” (Bostridge 2008:357).

20 Kursivering toegevoeg.

Hierdie uitgangspunt is in ooreenstemming met die terapeutiese model van gesondheidskommunikasie ten opsigte waarvan die verpleegster pasiënte help om by hul omstandighede aan te pas by wyse van “empatiese kommunikasie” (Northouse & Northouse 1992:12). Die waarskynlikheid is groot dat die Boereverpleegsters/hulpverpleegsters wat uiteraard kultuurgenote van hul pasiënte was, beter resultate met gesondheidskommunikasie sou behaal as ’n verpleegster vanuit ’n ander kultuur. Die mediese personeel in die kampe was uiteraard meestal Engelssprekend wat misverstande veroorsaak en ook vergroot het (Schoeman 1980:176). Die probleme in hierdie verband het moontlik aanleiding gegee tot kampsuperintendent Deare se versoek in Augustus 1901 dat ’n dokter wat Nederlands magtig is na die kamp gestuur word (UK 2010). Die taalprobleem kon ook ’n rol gespeel het in die Britse dokter, Kendall Franks, se persepsie van die hulpverpleegsters as “dom en stadig” (Van Heyningen 2002:198).

Talcott Parsons het in sy klassieke werk, *The social system*, aangetoon dat dokters en hul pasiënte verskil wat kennis, belange en verwagtinge betref wat potensieel tot frustrasie, spanning en, les bes, konflik kan lei (Parsons 1951:441-443). Hierdie situasie geld eweneens vir die verpleegster-pasiëntverhouding, met die bykomende komplikasie dat hierdie verhouding ook beïnvloed word deur die dokter-verpleegsterverhouding – ook met sy eie spanning en konflik. Die kampsituasie, gekenmerk deur die nypende tekort aan dokters, maar ook die hoë arbeidsomset in dié geledere, het implikasies vir die verpleegpersoneel gehad, onder meer ten opsigte van teenstrydige opdragte: “*Jy is somtyds nie seker wie se order is dit*.” Sarie word deur een dokter opdrag gegee om ene mnr. Griessel se bene te smeer, dan goed toe te draai in watte en met verbande. Omdat die tentflappe elke oggend hoog opgelig word ter wille van vars lug en om die vloere te ontsmet, gewaar een van die susters haar toe sy dié takie verrig. Sy word summier na die matrone se kantoor ontbied. Hier word sy deur die hoof mediese beampte tereggewys en kom met ’n waarskuwing daarvan af “*om nie weer een Dr se medisyne op ’n ander pasient te gebruik nie*”. Dit grief Sarie, want “*hoe kan jy sien ly en daar niks aan doen?*”

Volgens Sarie het die eerste matrone hulle al hul dae gegee, “*omdat sy ons nie vertrou het”.* Teen die einde van 1901 was die Britse owerhede duidelik baie besorg oor die toename in die sterftes en word mediese personeel na Suid-Afrika gestuur (Otto 1954:146; Raath 1991:42,51; UK 2010). Sarie blyk heel ingenome te wees met die nuwe matrone afkomstig van die Charing Cross-hospitaal in Londen. Sy beskryf haar as “*streng maar aangenaam’,* as ’n “*lady”,* as godvresend en iemand wat hulle met respek behandel. Sy verbied hulle ook om oor die oorlog of politiek te praat, sodat Boer en Brit “*met vrede uitmekaar gegaan het*”.

## 4.4 Psigiese gesteldheid van die kampinwoners en die verpleegpersoneel

Gedurende ’n oorlog disintegreer die maatskaplike weefsel. Alle bekende fasette van die sosiale ordening en sosiale verhoudings wat aan mense ’n gevoel van sekuriteit en stabiliteit en van menswaardigheid gee, stort in duie. Ten diepste beteken dit vir die geïnterneerdes ’n verlies aan ’n gevoel van sosiale tuishoort en identiteit. Deur die loop van die dagboek is daar blyke van die psigiese gesteldheid van die inwoners en die verpleegpersoneel. Hulle gevoelens fluktueer tussen wanhoop en hoop: reeds die eerste aand (Sondag 14 April 1901) van die agt-dae lange tog vanaf Dewetsdorp na Bethulie, skryf Sarie, “*het ons maar nie kon slaap* [*van*] *al die ontsteltenis van die dag*”. Maandag 15 April was dit “*die heele dag op die oop wa, die son brand, en die stof is byna ondraaglik*”. In teenstelling egter met die vorige aand, verklaar Sarie: “*Wat indrukwekkend is, is om te luister na die godsdienst wat elke familie hou in die donker, met net die sterrelig. Weergalm die lug van die sing by die waens, Ja! daar is nog vertroue en hoop*.” Hulle reis verder met die waens via Puntjesfontein en Reddersburg en op Edenburg word hulle “*afgelaai op die kaal bult ... elkeen by haar bondel*”. Iets van die gemoedstoestand blyk uit die woorde: “*Verneder tot in die diepte*.” Hiervandaan na Springfontein reis hulle in “*vuil kool troks*”.[21] Tog sing hulle die “*Vrystaat en Transvaal se volksliede ... Hoewel ons harte seer was, en menige traan gedroog is wou ons wys, ons gaan hier met moed die toekoms in*.”

By Springfontein aangekom, is die situasie sodanig dat Sarie genoop word om te skryf: “*Springfontein, ons eerste ware Mara*.” Die offisiere laat duidelik blyk “*met die rebelse DWdorpers* [Dewetsdorpers] *wil hulle niks te doen hê en hulle stoot ons trokke op ’n syspoor en so moes ons die nag op die trokke bly sit*”. Vanaf ongeveer 24:00 val daar ’n geweldige reënbui, wat alles en almal druipnat en koud laat. Steeds bemerk Sarie geen moedeloosheid nie: “*Maar wat treffend was, was die geduld & moed wat elk een besiel ... Onvergeetlik*.” Die Britse offisier se ongenaakbaarheid kry die vroue nie onder nie. Toe die kampkommandant hul versoek weier om na die kamp by Springfontein te gaan, “*was die vrouwe nie tevrede, hulle het ’n heele klomp gelyk gegaan met dieselfde vraag. Toe het hy eindelik toestemming gegee*.” Toe die vroue sukkel om vure aan die gang te kry met die steenkool wat vir hulle gegee is, vra Sarie die kommandant vir hout, waarop hy haar antwoord: “*Steek jou vingers onder die kool in en dit sal brand*.” Steeds laat hulle hulle nie onder kry nie: “*Maar nou is ons in die skool van vernedering, om van die grootste gesukkel ’n sukses te maak*.”

Toe hulle na ’n week (Maandag 22 April) op Bethulie aankom, word hulle egter nie met ope arms ontvang nie: “*(D)ie hoofde* [*was*] *erg ontevrede, hulle wou*

21 Aletta Maria du Toit (Neethling 1938:41) vermeld ook die treinrit na Bethulie in “oop kooltrokke” en die sing van volksliedere: “As daar ’n trein met troepe verbygaan, skreeu die Engelse ‘Hoera!’ en dan het ons die Vrystaatse en Transvaalse Volksliedere gesing.”

*ons nie daar ontvang nie, hulle sê ons moet teruggestuur word; hulle sê hulle was nie in kennis gestel van onse koms, het nie kos in voorraad ook nie tente. So het ons op die trein gebly tot die Woensdag*.” Geen wonder ds. AD Lückhoff, die predikant van die dorp wat ook die kamp bedien het, verwys na die algemene gevoel van depressie in die kamp nie (UK 2010).

In ’n brief aan lady Hobhouse vanaf Springfontein (4 Maart 1901) beskryf Emily Hobhouse ook die uiteenlopende reaksies van die Boerevroue op hul benarde situasie: “Some are scared, some paralyzed and unable to realize their loss; some are dissolved in tears; some, mute and dry-eyed, seem only to be able to think of the blank, penniless future; some are glowing with pride at being prisoners for their country’s sake” (Van Reenen 1984:81). Na aanleiding van haar besoek aan die Bloemfontein-kamp beskryf Hobhouse die vroue se oorwegend stoïsynse houding in ’n brief aan lady Hobhouse (26 Januarie 1901): “The women are wonderful: they cry very little and never complain” (Van Reenen 1984:50). Hobhouse skryf hierdie reaksie toe aan die militêre dissipline en reëls – elke aspek van ’n persoon se lewe word daardeur beheers (Van Reenen 1984:70). Volgens Neethling (1938:viii) was die vroue in die konsentrasiekampe se trots en klaarblyklike selfbeheersing deels toe te skryf aan die wyse waarop hulle van die plase verwyder is. In hierdie proses het hulle meermale “om genade gesmeek, amper op hulle knieë gebid om toegelaat te word om kos, beddegoed, klere, ens. mee te neem om hul huisgesinne, hulle hulpelose klein kindertjies met die allernodigste te kan versorg”. Vanweë die ongenaakbare wyse waarop hulle versoeke geweier is, was dit hul vaste voorneme om die vyand nooit weer om gunste te vra nie. Selfs aan die Fawcett-kommissie wou sommige nie erken dat hulle enigiets kort nie (Neethling 1938:ix). Hierdie laaste standpunt is deur Sarie bevestig. Sy beskryf die wegvoering: “*Ons moes voor die Kommesaris se deur verbyry. Hy en ’n paar ander officiere het op die stoep gesit, en hulle lag so uit hulle keele. Moeder sê toe julle moet nie huil nie; sit stil hoe bitter dit is, dra dit stil.”* Wat egter soms as stoïsynse gedrag beskou is, kon ook blote letargie en apatie wees as gevolg van konstante ondervoeding, deurdat die liggaam by die ondervoeding aanpas deur aktiwiteit tot ’n minimum te beperk (Van Heyningen 2002:193). Hierdie verklaring sou egter eers later geld nadat ondervoeding wel ingetree het. Wat ook in hierdie verband nie uit die oog verloor moet word nie, is die Boerevroue se geloofsingestelheid. Selfs klein kindertjies, soos die drie- en vyfjarige Holiday-seuntjies: “*is singend die euwigheid in ... dis ’n troos om sulke klein kinders so gelowig te sien, en hulle moeder so aan te moedig om in Jezus te bly geloof. Baie gelowiges is stil en tevrede oor.*” Hierteenoor was daar ook diegene wat teen die situasie gerebelleer het. Sarie vertel van die man wat “*vloekend en skreeuend ... altyd die tent seile geslaan het ... tot hy nie meer ’n stem gehad het nie*”.

Die psigiese aanslag vanweë die talle sterftes was geweldig: "*As ek in die aand 6 nm van diens gaan laat ek 50 sieke na, kom ek more 6 vm op diens dan is daar soveel leë plekke dat ek nie kan glo dis my tente nie ... dis dood, dood, dood ... die begrafenisondernemer het my gesê die hoogste getal wat dooi was 27 per dag. Ek het op een middag 5 dooies uitgetrek en toegespeld*." Die metafoor wat sy vir al die sterftes, "*die treurspel*", gebruik, is dié van die doodsengel wat deur Egipte gegaan het.

Vanweë die sosio-psigiese probleme in verband met terminaliteit, sal sowel geneeshere as verpleegsters liefs kontak met terminale siekes wil vermy (Glaser & Strauss 1965:5). In die kampomstandighede het die mediese en verpleegpersoneel geen keuse in hierdie verband gehad nie. Dit spreek vanself dat om met sterwendes te werk ontstellend, selfs traumaties, kan wees en ten spyte van haar professionele opleiding en die feit dat dood onlosmaaklik deel vorm van haar werk, word dit by tye te veel vir Sarie: "*Een aand staan ek in my tent deur en ek roep my maat, en sê vir haar, hoor die stem in 'Rama'. O! Die gesnik en gehuil in die donker, net die sterrelig, dis of mens die doodsengel se teenwoordigheid gevoel. Koue rilings gaan deur jou lyf om te denk wie lê more in die doodstent*." In die tyd van die geweldige hoë sterftesyfer, knak Sarie weer: "*Die lyding van my volk was vir my baie ondraaglik, en een middag terwyl ek van diens was, het ek so hartlik gehuil. My maat kry my met die betraande oë, en sê, 'Wat se getjank het jy weer vandag aan?' Ek sê vir haar, die lewe is vir my oor. Kyk hoe hard werk ons, en hoe sterf die mense. Sy sê, 'Wat het jy daar mee te doen? Doen jy maar jou plig'.*" Uit haar maat (waarskynlik Anna Rouvière) se respons wil dit voorkom asof sy haar daaraan wil herinner dat sy ongeag die emosionele verbintenis "professioneel" moet bly. Hieruit blyk egter ook die sorgfilosofie, naamlik om steeds die werk te doen al lyk dit futiel.

Na die voorval waarin die Rooikop (Britse dokter) Sarie so uitgeskel het, het sy haar aanvanklik "*byna siek gehuil*". In haar verwerking van die gebeure besluit sy haar "*mikpunt* [*is*] *... om die lewe te ondersoek om te sien wat gaan ek opdoen in so 'n stryd*". Dit is duidelik dat Sarie weer 'n greep op haar lewe wil kry by wyse van betekenisgewing – 'n belangrike stap in die verwerkingsproses. Die psigiater Victor Frankl, wat die Duitse konsentrasiekamp oorleef het, noem hierdie fundamentele soeke na die sin van gebeure 'n primêre lewenskrag (Kleber 2007).

## 4.5 Die laaste maande in die kamp

Na die vredesluiting was die inwoners weliswaar minder, maar daar was nog mense na wie omgesien moes word en die personeel was min: "*...vir elke tent, een nurse, dan is* [*daar*] *een nagorderly en ek"*. Sarie was 18 maande aan diens sonder vakansie en in Julie 1902 is tien dae verlof aan haar toegestaan. Sy kuier in hierdie tyd by familie op Uitenhage, waar sy ook die kamp aldaar besoek: "*Die kamp ... is*

*lieflik tussen bosse met genoeg water en alle ander geriewe.*” By haar terugkeer was die werk minder en ook die siekes. Sy het tereg verwag dat die hospitaal sou sluit.

In ’n inskrywing getitel “*Nov*.” skryf sy: “*Ek het my ontslag gekry.*[22] *Aanstaande week D.V. gaan ek ook huis toe.”* Die res van haar gesin het die kamp reeds in Julie 1902 verlaat (UK 2010). Sy vermeld dat sy ’n brief van haar ouers gekry het: “*Onse huis was heelmaal verniel, nie ’n vloer, deur of venster (nie).*”

Die lees van hierdie dagboek laat ’n mens met die oorweldigende indruk dat Sarie Roos ’n besondere mens was. Sy was passievol oor haar roeping; sy het ’n diensingesteldheid by uitnemendheid gehad; in vele opsigte was sy haar tyd ver vooruit: al was sy net “half-opgelei”, openbaar die inkleding van haar rol besondere “professionele” aspekte. Maar dis in die hantering van die ambivalente gevoelens wat sy noodwendig as Boereverpleegster in diens van die vyand moes ervaar dat sy besondere karakter toon wat haar byna triomfantelik die laaste inskrywing in die dagboek laat maak: “*More-ogend as dit lig word vertrek ek na my ouers huis. En Bethulie kamp, ek roep vaarwel! Vaarwel. Dis alles in die verlede*.”
*Sarie Roos*

## BRONNELYS


Anoniem s.a. *Medical facilitation: a communication-centered healthcare model*. Beskikbaar by <http://www.creativehealing.org/Medical%20Facilitation.doc> (Geraadpleeg 3 Februarie 2007).

Booyens B 1999. “Die afspieëling van die Anglo-Boereoorlog in *De Gereformeerde Kerkbode*, 1899-1905”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39(3&4), pp. 364-381.

Bostridge M 2008. *Florence Nightingale – the woman and her legend.* Londen: Penguin Uitgewers.

De Wet CR 2007. *Three years’ war*. Middlesex: The Echo Library. <http://books.google.co.za/books> (Geraadpleeg 29 September 2010).

Edmonds SE 1864. *Nurse and spy in the Union Army: the adventures and experiences of a woman in hospitals, camps, and battle-fields.* <http://womenshistory.about.com/library/pics/aapcivil_war htm> (Geraadpleeg 26 Mei 2010).

Fox R 1989. *The sociology of medicine – a participant observer’s view.* Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.


22 Volgens die register (UK 2010) is die datum 3 November 1902 en die rede vir die ontslag, “because no longer needed”.

Freidson E 1961. *Patients' views of medical practice*. New York: Russel Sage Foundation.

Giliomee H 2003. *The Afrikaners – biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Glaser BG en Strauss AL 1965. *Awareness of dying*. New Brunswick (VSA) en Londen (UK): Aldine Transaction – a division of Transaction Publishers.

Hobhouse E 1924. *War without glamour – women's war experiences written by themselves, 1899-1902.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

Kleber RJ 2007. *Weg van het trauma.* Rede by die aanvaarding van die amp van besondere hoogleraar, psigotraumatologie aan die Universiteit Utrecht. Beskikbaar by <http://www.psychotraumafoundation.eu/publications/files/oratie_symposium_2007> (Geraadpleeg 20 Augustus 2010).

Nasson B 2010. *The war for South Africa – The Anglo-Boer War 1899-1902.* Kaapstad: Tafelberg.

Neethling E 1938. *Mag ons vergeet?* Kaapstad: Nasionale Pers.

Northouse PG & Northouse LL 1992. *Health communication strategies for health professionals*. New Jersey: Appleton en Lange.

Otto JC 1954. *Die konsentrasiekampe.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Pakenham T 1979. *The Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers & Londen: Weidenfeld en Nicholson.

Parsons T 1951. *The social system.* 6de druk. Londen: Routledge & Kegan Paul Ltd.

Pretorius FJ (red.) 2001. *Verskroeide aarde.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Raath AWG 1991. *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

Roos SJ s.a. *Bethulie Koncentratie Kamp – April 1901 - November 1902.* Ongepubliseerde dagboek.

Schoeman K 1980. *Bloemfontein – die ontstaan van 'n stad 1846-1946* (Bloemfontein, s.a.).

Spies SB 1977. *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics January 1900 - May 1902.* Johannesburg & Kaapstad: Jonathan Ball Publishers.

Taylor I & Taylor A (reds.) 2000. *The assisin’s cloak – an anthology of the world’s greatest diarists*. Edinburgh, VK: Canongate Books.

Twaddle AC & Hessler RM 1987. *A sociology of health*. New York: Macmillan Publishing Company.

Universiteit van Kaapstad (UK) 2010. *British concentration camps of the South African War 1900-1902*. <http://www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/index.php> (Geraadpleeg 19 Junie 2010).

Van Heyningen E 2002. “Women and disease” in Cuthbertson G, Grundlingh A en Suttle M-L. *Writing a wider war. Rethinking gender, race and identity in the South African War, 1899-1902.* Kaapstad: David Philips en Athene: Ohio University Press, pp. 186-212.

Van Heyningen E 2007. “Women and gender in die South African War, 1899-1902” in Gasa N (red.). *Women in South African history: they remove boulders and cross rivers*. RGN Uitgewers, pp. 91-125.

Van Reenen R (red.) 1984. *Emily Hobhouse – Boer War letters*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Weiss GL & Lonnquist LE 1994. *The sociology of health, healing, and illness*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Wilson AN 2002. *The Victorians.* Londen: Arrow Books.